Chatsworth se Wheelie Wagon

STEVEN ANDRIES
Streekbibliotekaris, Saldanhastreek

Chatsworth, 'n klein plaasgemeenskap op die N7 sowat 15km vanaf Malmesbury, met 'n bevolking van ongeveer 3500, was as 'n geskikte plek geïdentifiseer om 'n Wheelie Wagon Projek te implementeer. Van meet af was daar groot belangstelling en samewerking van die prinsipaal, mnr V Deelman om die projek te begin. Mnr Deelman is ook die koördineerder vir die projek en 'n vrywilliger uit die gemeenskap. Mev Washiela Fataar het goedgunstiglik ingestem om die biblioteekfunksies waar te neem, waarna sy opleiding ontvang het om die basiese funksies uit te voer.

Twee Wheelie Wagons gevul met boeke is begin April 2005 by die skool afgelewer en gehuisves in die pre-primêre klaskamer by Chatsworth Primêr. Op 19 April 2005 is begin om dienste aan die gemeenskap te lewer.

Gemeet aan die sirkulasiesyfers vanaf April tot September 2005, is dit duidelik dat die boeke uitermate goed sirkuleer.

Heel bo: Chatsworth se entoesiastiese jong lesertjies besig om die genot van lees en boeke te ontdek

Bo: Twee Wheelie Wagons gevul met boeke word gehuisves in die pre-primêre klaskamer by Chatsworth Primêr

Volgens Mnr Deelman is die sirkulasiesyfer 'n goeie aanduiding van die groot behoefte wat daar aan 'n biblioteekdiens was. Alhoewel hy baie entoesiasties oor die projek is, is van sy grootste probleme tans 'n gebrek aan ruimte en die feit dat die boekevoorraad heeltemal onvoldoende vir die gemeenskap se behoeftes is. Hy voel baie sterk oor die oprigting van 'n biblioteekgebou vir die gemeenskap sodat 'n volwaardige en meer uitgebreide biblioteekdiens gelewer kan word.

Dienste word gelewer aan die hele gemeenskap, kinders en volwassenes, en daar word ook spesiale tyd uitgesit vir leerders, wat in Atlantis en Malmesbury skoolgaan, om skoolprojekte te doen.

Statistiek

Ledetal:	*Kinders*	275
	Volwassenes	185
Voorraad:		1 745
Totale sirkulasie (April-September) 2005:		12 802
Oop tye: Di/Wo/Do		13:00-16:30
Vry (slegs vir skoolprojekte)		14:00-15:30